

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Els v Breda NO en Ander (753/2012)

[2012] ZANCHC 54 (21 September 2012)

[2012] ZANCHC 54**COURT**

Northern Cape High Court, Kimberley

BEFORE

Lacock, R

CASE / FILE NUMBER

753/2012

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE NOORD-KAAP HOË HOF, KIMBERLEY

Saakno: / Case number: 753/2012

Datum verhoor: / Date heard: 14 / 09 / 2012

Datum gelewer: / Date delivered: 21 / 09 / 2012

In die saak tussen:

PETRUS ARNOLDUS ELSApplikant

en

LANEL BREDA N.O.Eerste Respondent

DIE MEESTER : HOOGGEREGSHOF,

KIMBERLEYTweede Respondent

Coram: Lacock, R

UITSPRAAK

Lacock, R

Hierdie is die keerdatum van 'n voorlopige sekwestrasiebevel verleen op 4 Mei 2012 waarkragtens die bestorwe boedel (die boedel) van wyle Sarel Johannes Breda (die oorledene) onder voorlopige sekwestrasie geplaas is. Na verlening van die bevel nisi het die eerste respondent, synde die weduwee van die oorledene en die eksekutrise in die boedel, die bekragtiging van die voorlopige bevel opponeer en ook opponerende stukke geliasseer. Die applikant versoek dat die bevel bekragtig word.

Dit is gemeensaak tussen die partye hiertoe dat:

- 2.1. die eerste respondent deur die Meester (tweede respondent) as eksekutrisie in die boedel aangestel is nadat sy beswaar aangeteken het teen die wyse waarop die aanvanklike aangestelde eksekuteur die boedel hanteer het;
- 2.2. die eerste respondent in haar taak as eksekutrisie bygestaan word deur 'n praktiserende prokureur;
- 2.3. die eerste respondent in haar hoedanigheid as eksekutrisie die vordering van die applikant teen die boedel betwis; en
- 2.4. die boedel inderdaad insolvent is.

Die wese van die geskil tussen die partye is geleë in die vraag naamlik of die boedel ingevolge die toepaslike voorskrifte van die Boedelwet, nr. 66 van 1965 beredder behoort te word, of ingevolge die voorskrifte van die Insolvensiewet, nr. 24 van

1936. 'n Bevinding soos versoek deur die applikant sal die bekragtiging van die voorlopige bevel tot gevolg hê; en 'n bevinding soos versoek deur die eerste respondent, die opheffing daarvan.

Adv Gilliland, namens die eerste respondent, het aan die hand gedoen dat die bevel opgehef behoort te word op grond van 'n aantal redes en waarmee ek seriatim hieronder handel.

Eerstens is betoog dat die applikant versuim het om aan te toon dat sekwestrasie van die boedel tot voordeel van skuldeisers sou wees. Op grond van die gebrek aan bewys van hierdie jurisdiksionele feit, so betoog die geleerde advokaat, ontbreek die applikant aan die nodige locus standi om die aansoek te bring.

4.1. Afgesien daarvan dat die beroep op 'n gebrek aan locus standi op grond van die voorgaande my ietwat gekunsteld voorkom, meen ek dat die applikant tog daarin geslaag het om aan te toon dat die sekwestrasie van die boedel tot voordeel van skuldeisers kan wees.

4.2. In sy funderende eedsverklaring verwys die applikant na 'n handgeskrewe inventaris waaruit dit blyk dat, by sy dood, die oorledene beskik het oor 'n hele aantal eiendomme asook motorvoertuie. Ten spyte van herhaalde skriftelike versoeke aan die eerste respondent om aan hom besonderhede te verskaf van die bates en laste in die boedel, het die eerste respondent deurgaans geweier om sodanige inligting aan die applikant te verskaf. Trouens, haar houding hieraangaande is as volg in haar antwoordende eedsverklaring verwoord:

“11.2. I am advised by my attorneys, which advice I accept, that I do not have an obligation to supply details of the assets and liabilities position of the estate to any person who may enquire;

...

11.5. I submit that our failure to comply with the Applicant's demand for a detailed exposition of the assets and liabilities of the estate on/or before Monday, 3 October 2011, constituted a clear indication of the fact that we were not prepared to play ball with the Applicant and in the circumstances, he was welcome to do whatever it was that he wanted to do."

4.3. Ten spyte daarvan dat in die handgeskrewe inventaris melding gemaak is van vyf luukse voertuie ter waarde van ongeveer R1,58 miljoen, blyk dit dat daarna 'n tweede inventaris by die Meester ingedien is deur die eerste respondent. Prokureur Engelbrecht bevestig hieraangaaende as volg:

"Tydens my prokureur van rekord, Mnr Engelbrecht, se eerste besoek aan die kantore van die tweede respondent op 9 Mei 2011 en waartydens die lêer behoorlik nagegaan is, was daar wel 'n tweede inventaris ingedien deur die eerste respondent en/of haar agent in die lêer opgemerk waarin slegs 'n Mercedes Benz 270 en onroerende eiendomme opgegee was as bates. Tydens my prokureur se opvolgbesoek aan die Meesterskantoor kort voor die rig van hierdie aansoek, was die betrokke inventaris egter uit die Meester se lêer verwyder."

Prima facie wil dit dus voorkom dat, terwyl die eerste respondent die eksekutrise in die boedel was, daar 'n vraagteken hang oor die moontlike vermindering of vervreemding van bates in die boedel.

4.4. Uit die voorgaande alleen is dit ooglopend dat die sekwestrasie van die boedel tot voordeel van skuldeisers sal wees. Sekwestrasie sal die nodige meganisme vir 'n ondersoek in hierdie verband beskikbaar stel.

Die blote geheimsinnigheid van die eerste respondent en haar onwilligheid om die bate en laste posisie van die boedel openbaar te maak kom my eweneens prima facie voor as verdag. Sy het ooglopend 'n belang in die boedel – vandaar haar beswaar teen die aanvanklike eksekuteur – en dit is twyfelagtig of sy die boedel objektief sal beredder kragtens die toepaslike voorskrifte van die Boedelwet.

Tweedens betoog mnr Gilliland dat die vorderings van die applikant op die oog af verdag voorkom en dat dit in iedere geval verjaar het.

5.1. Mnr Gilliland moet gelyk gegee word dat die vorderings van die applikant op die oog af, om die minste te sê, eienaardig en nie ingevolge normale besigheidspraktyk nie, voorkom. Die applikant se vordering spruit uit gelde na bewering geleen en voorgeskiet aan die oorledene. Die meeste brondokumente ter staving van hierdie vordering en wat letterlik miljoene rande beloop, bestaan uit handgeskrewe sogenaamde "I.O.U's". Dit is dus verstaanbaar dat die eerste respondent nie hierdie eise wou aanvaar nie, en die bona fides van die applikant daaraangaaende betwyfel.

5.2. Na my mening egter sal 'n kurator in 'n insolvensieproses onder die Insolvensiewet in 'n veel beter posisie wees om meer objektief die geldigheid van hierdie eise te ondersoek. Die Boedelwet maak nie voorsiening vir die tipe ondervragingsproses soortgelyk aan dié vervat in die Insolvensiewet nie. Op die oog af wil dit voorkom dat 'n behoorlike ondervraging kragtens die toepaslike voorskrifte van die Insolvensiewet onvermydelik sal wees vir die bereddering van die boedel.

5.3. In soverre mnr Gilliland aanvoer dat die vorderings van die applikant verjaar het, blyk daar twee antwoorde hierop te wees.

5.3.1. Eerstens wys Adv Coetzee, namens die applikant, daarop dat, voordat die verjaringstermyn uitgeloop het, die oorledene 'n bedrag van R1,3 miljoen aan die applikant betaal het. Dit, so betoog mnr Coetzee, stel 'n erkenning van skuld daar wat die verloop van verjaring gestuit het. Mnr Gilliland se antwoord hierop naamlik dat hierdie betaling deur die familietrust van die oorledene gedoen is, en dus nie 'n bewys van afkorting van die oorledene se skuld daarstel nie, is totaal kleurloos. Die vraag is nie wie die betaling gedoen het nie, maar wat van belang is, is naamlik ter afkorting van watter verskuldigheid dit gedoen is.

5.3.2. Tweedens lê dit myns insiens nie op die weg van hierdie Hof om nou – in die lig van die ooglopende feitegeskille hieraangaande – op die stukke te poog om hierdie geskille te besleg nie. Hierdie vraagstuk kan eweneens met gerief aangespreek en gedissekteer word in 'n behoorlike ondervragingsproses kragtens die insolvensieverrigtinge.

Vervolgens het Mnr Gilliland aangevoer dat, in die lig daarvan dat die applikant 'n dominerende stem kan uitoefen by die aanstelling van 'n kurator, die moontlikheid bestaan dat hy vir 'n persoon kan stem wat sy saak sal begunstig.

6.1. Die kort antwoord hierop meen ek is geleë daarin dat die Meester en uiteindelik 'n bevoegde Hof te alle tye 'n sogenaamde wag hond voorgediskap oor enige moontlike ongerymde handeling van 'n kurator uitoefen. Die meganisme om dit in werking te stel is te alle tersaaklike tye tot beskikking van alle belanghebbendes.

Laastens het mnr Gilliland aangevoer dat daar weinig verskil is tussen die bereddering van 'n insolvente boedel kragtens die Boedelwet, en meer bepaald artikel 34 daarvan en die bereddering daarvan kragtens die Insolvensiewet. Aangesien die eerste respondent reeds deur 'n prokureur bygestaan word, so argumenteer mnr Gilliland, sal dit goedkoper en tot voordeel van skuldeisers wees om eerder die proses wat reeds aan die gang is, deur te voer in plaas daarvan om die boedel de novo te beredder kragtens 'n formele sekwestrasieproses.

7.1. Eerstens is ek van oordeel dat die ooglopend subjektiewe betrokkenheid van die eerste respondent nie strek tot die voordeel van skuldeisers nie.

7.2. Tweedens is dit vir my moeilik om in te sien waarom 'n kurator nie met min moeite en koste eenvoudig in die skoene van die eksekutris kan instap en voortgaan met die beredderingsproses nie.

7.3. Die eksekutrise word in iedere geval deur 'n prokureur bygestaan in die bereddering van die boedel. Dit kan aanvaar word dat die prokureur nie kosteloos optree nie, en sal sy of haar vergoeding waarskynlik deur die boedel betaal word. Of daardie gelde na die prokureur van die eerste respondent of na die kurator gaan, kom my ses van die een en 'n halfdosyn van die ander voor. In iedere geval is geen getuienis voor my geplaas ten aansien van die beweerde verskil in kostes en/of uitgawes nie.

Uit hoofde van die voorgaande is ek tevrede dat dit in die beste belang van skuldeisers sal wees indien die bevel nisi bekragtig word.

Wat die koste aanbetref meen ek nie dat gesê kan word dat die opponering van die aansoek deur die eerste respondent in haar hoedanigheid as eksekutrise so onredelik was dat sy belas behoort te word om enige koste de bonis propriis te betaal nie.

Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen.

DIE VOORLOPIGE SEKWESTRASIEBEVEL HIERIN VERLEEN OP 4 MEI 2012 WORD BEKRAGTIG EN FINAAL GEMAAK.

DIE KOSTE VAN DIE AANSOEK SAL KOSTE IN DIE SEKWESTRASIE WEES.

Lacock, R

REGTER

Namens Applikant: Adv. W.J. Coetzee i.o.v. Engelsman, Magabane Ing.

Namens 1ste Respondent: Adv. JG Gilliland i.o.v. Mervyn Joel Smith Prokureurs

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZANCHC/2012/54.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/els-v-breda-unknown-topic-anchc-2012>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria